MEDIAMEDEDELING

DVD:
Kom laat ons sing -
‘n Musikale Reis van Laurika Rauch – ‘n Dokumentêr

JBDVD 01
2004

In die laat sewentigerjare het Laurika Rauch 'n huishoudelike naam geword met haar eerste treffer, "Kinders van die Wind". Sy was een van die mees prominente sangers wat betrokke was by die opbloei van die "nuwe afrikaanse lied". Sedertdien, en 18 albums later, is Laurika nog net so gewild soos destyds. Meer nog – sedert “Kinders van die Wind” het Laurika met bykans elke prominente kunstenaar in Suid Afrika saamgewerk. Daarom, toe iemand die storie oor die ontwikkeling van die Afrikaanse lied moes vertel, was daar geen persoon beter geskik as juis Laurika nie.

Laurika het van haar kollegas en vriende genooi om saam te vertel aan die verhaal. So het onder andere Koos Kombuis, Anton Goosen, Amanda Strydom, David Kramer, Coenie de Villiers, Johannes Kerkorrel, Jannie du Toit, Karen Zoid, Valiant Swart, Steve Hofmeyr, Pieter Dirk Uys, Mynie Grove en Mimi Coertse deel geword van die dokumentêr.

In 2002 is die reeks, *Kom laat ons sing*, deur kykNet gebeeldsend. Die reeks, met Johan Badenhorst as regisseur, het die verhaal by die begin gaan haal. Vir eers word daar gekyk waarom dit so lank geneem het vir die “luisterliedjie” om die Afrikaanse taal te ontdek te word. In Frankryk was daar lank reeds die *chanson*, in Amerika *folk* en in die Lae Lande *kleinkunst*. Afrikaanse musiek het bestaan uit die FAK se Pieknieliedjies en Groep Twee se “Die padda wou gaan opsit”. Maar in die laat sewentigerjare het daar iets gebeur. Sonja Herholdt het sterstatus bereik, en Anton Goosen het die liedjieboer geword.

En toe kom die groot deurbraak in 1978. Die bekroonde aktrise Jana Cilliers en Katinka Heyns het voorgestel dat Laurika die temamusiek van Phoenix en Kie, ‘n dramareeks op TV1, sing. Koos du Plessis se “Kinders van die Wind” het Afrikaanse musiek op die treffersparades geplaas en was ‘n inspirasie vir talle ander kunstenaars om na vore te tree. Dit was die begin van ‘n nuwe era.

Die kunstenaars het nou ook finansiële sukses behaal, al was dit soms steeds met vertaalde werk. Kupido, Bles Bridges, Johan Stemmet en Cora Marie het in die tagtigerjare baie meer albums verkoop as Koos

du Plessis en Anton Goosen. Die vraag word gevra of die aanvanklike opbloei net van verbygaande aard was?

Maar daar was ‘n alternatief. Die tagtigerjare was stormagtige jare in Suid-Afrika, ook in die musiekbeweging. Kabaret het na vore gekom as ‘n vorm van sosiale kommentaar en protes. Laurika en Jannie du Toit het in Hillbrow se Club 58 opgetree, en net ‘n entjie af in die straat was Johannes Kerkorrel en die Gereformeerde Blues Band ‘n treffer. By Houtstok het Anton Goosen die aand afgesluit met “Wit kaffers van Afrika”. Daar was protes in die lug.

En die vreemdelinge het ook ‘n rol gespeel. Oor die jare heen was daar min kontak met die musiek van die stamlande van Afrikaans. Laurika het ‘n keer of wat België en Nederland besoek, en Herman van Veen het Langenhoven se *Wiegeliedjie* opgeneem. Na 1990 was die kontak met die musikante van die Lae Lande weer herstel, en het mense soos Van Veen en Stef Bos Suid-Afrika gereeld besoek.

Nou, in die nuwe millennium, is daar nuwe stemme wat die tradisie voortsit. Musiek is deurentyd afhanklik van innovasie. Dit wat Laurika, Anton Goosen, David Kramer en ander in die tagtigerjare gedoen het, word nou verder geneem deur kunstenaars soos Valiant Swart, Karen Zoid en Gian Groen.

Hierdie DVD van twee en ‘n half uur is ‘n monumentale werk wat dien as manuskrip van die geskiedenis van ligte musiek in die Afrikaanse taal. In die dokumentêr word mens herinner aan Min Shaw se “Boereseun”, Jurie Ferreira se “Tahiti” en Four Jacks and a Jill se “Haai Casanova”, daar word gekyk na die rol van Bles Bridges, Cora Marie en Kupido en’n mens sien ook hoe ‘n belangrike rol Anton Goosen, David Kramer en Koos Kombuis gespeel het in die ontwikkeling van die musiek wat ons vandag hoor by Karen Zoid, Kobus! en Gian Groen. Hierdie is ‘n essensiële werk vir almal met ‘n belangstelling in Afrikaanse musiek.